

Hoofstuk van die dag: Rigters 13

> *Manoag het vir hom gevra: “Wanneer u belofte waar word, hoe moet die kind hom dan gedra en wat moet hy doen?” (vers 12)*

Ek kan Manoag se vraag baie goed verstaan. Die Engel van die Here (dws die Here God self) vertel dat hulle die ouers van ’n

baie besondere kind gaan wees. Natuurlik wil hulle presies weet hoe om die kind groot te maak! Maar die Here gee niks meer leiding as wat Hy alreeds vir die vrou gegee het nie. En dit was uiters karig.
Ons wens dikwels God gee vir ons meer inligting en leiding oor die pad vorentoe, maar meestal werk dit nie so nie. Jesus leer ons immers in die Ons Vader om te bid vir “vandag” (Matt 6:11). En in Matt 6:34 sê Hy ons moenie ons oor môre bekommer nie. Petrus voeg by (1 Pet 5:7) dat ons al ons bekommernisse op die Here kan werp, want Hy sorg vir ons.
Ons weet dalk nie wat God van ons verwag om volgende jaar of die jaar daarná te doen nie, maar ons weet uit sy Woord wat Hy vandag van ons verwag. Ons moet dít doen en die toekoms in sy hande laat.
Daaglikse afhanklikheid is die enigste manier.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026